Geagte Redakteur,

SELFBESKIKKING ‘N REG, NIE ‘N VOORREG

Met verwysing na die brief van Bossie Marais (*Rapport, 10 Augusus 2008*) die volgende:

Art. 235 van die Grondwet is alles behalwe ‘n “vae omskrywing”. Dit erken, onder andere, ondubbelsinnig die reg van ‘n taal- en kultuurgemeenskap (soos ons volk) op territoriale selfbeskikking in ‘n gebied binne Suid-Afrika.

Selfbeskikking is verdermeer alles behalwe ‘n “abstrakte begrip”. Dit is ‘n duidelike regsbegrip wat veranker is in die Volkereg en in talle internasionale verdrae; byvoorbeeld die “Internasionale Verdrag op Burgerlike en Politieke Regte” wat bindend is op alle lidstate van die Verenigde Nasies (dus, ook op Suid-Afrika).

Betreffende Grondwet-artikels wat na bewering teenstrydig met Art. 235 sou wees, geld die normale reëls van Wetsuitleg - naamlik dat ‘n Wet in sy geheel geïnterpreteer moet word; asook dat aan elke onderdeel van ‘n Wet, ‘n gevolg verleen moet word.

Enige volk (hetsy dit meerderheidsbesetting van ‘n gebied geniet al dan nie) is ‘n draer van die reg op selfbeskikking. Ons volk se reg op selfbeskikking word tans geskend, en ons is op die herstel daarvan *geregtig*; dit is nie een of ander guns wat ons gedoen sou word deur die Regering nie. Soos met enige ander reg wat geskend word, is daar egter ‘n voorgeskrewe proses wat gevolg moet word om hierdie reg herstel te kry. Die eerste stap in só proses is dat ’n volk verteenwoordigers demokraties moet verkies wat beklee sal wees met ‘n mandaat om ons territoriale selfbeskikking by die Regering te eis en te beding.

Die onafhanklike Volksraad Verkiesing Kommissie (VVK) is in proses om kiesers op ‘n kieserslys vir sodanige volksverkiesing te registreer; en belangstellendes wat verdere inligting verlang is welkom om ons webwerf by www.vvk.co.za te besoek. Laat ons ophou spekuleer oor moontlike teenkanting van ‘n Regering wat hierdie artikel in die eerste plek op die wetboek geplaas het – laat ons doen wat ons hand vind om te doen terwyl ons geloof en hoop gevestig bly op God wat die suidpunt van Afrika as woonplek vir ons volk bestem het.

Paul Kruger, Pretoria (Praktiserende prokureur en Voorsitter: Volksraad Verkiesing Kommissie)

Posbus 71214
Die Wilgers
Pretoria
0041

Tel: 082 267 0364 / (012) 803 0712
Faks: (012) 803 4527